

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 4-1:1 (1:1)**

- 1 Ek wil die hoogste Heer / met blye roemtaal eer, / my Redder en Bewaker.  
In nederige staat / wou Hy my nie verlaat, / my God en Saligmaker.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 147:5 (p. 707)

- 5 Laat nou jou stem, o Salem, rys! / O Sion, wil die HERE prys!  
Hy dek jou dig vir slag en stoot, / versterk jou poorte teen die dood.  
Hy sien jou kinders met jou mee / as Hy jou land die vrede gee.  
Hy laat jou akkers wuiwend staan / en voed jou met die beste graan.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet sing ons Psalm 145:11 (p. 697).*

Wet

Psalm 145:11 (p. 697)

- 11 Hy gee die wens van almal wat Hom vrees; / op hul geroep wil Hy 'n redder wees.  
Sy hand verdelg die goddelose, maar / die wat Hom liefhet, sal die HEER bewaar.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

**Vergifnis:**

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Psalm 139:12 (p. 676)

- 12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;  
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.  
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van eewge vrede.

Skriflesing: Handeling 2

Teks: Handeling 2:21

**En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.** (Handeling 2:21 AFR1953)

Ons moet die lis waarmee die duiwel werk, nooit onderskat nie.

- Die dag toe die Heilige Gees uitgestort is, het hy ook probeer om dadelik die werk en die wonder van die Heilige Gees tot niet te maak.
- Toe die apostels so in verskillende tale die wonders van God aan die mense verkondig het, was daar mense wat die storie versprei het dat die apostels dronk is: Hulle is vol soet wyn!

Die inslag wat die duiwel met sy aanslag onder die skares daar op die plein gehad het, moet nie onderskat word nie.

- Uit vers 15 word dit duidelik dat dit na 'n rukkie nie net die spotters was wat gedink het dat die apostels onder die invloed van drank was nie.
- Meer mense (of dalk die meeste van die mense?) het so gedink, want Petrus sê: **Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie,...** (Handelinge 2:15 AFR1953)
- Die woorde *soos julle dink* wys duidelik dat die grootste groep daar geglo het dat drank maar die oorsaak is van die praterij in die ander mense se tale.

Die Nederlandse vertaling sê die mense het dit *vermoed*.

## 1. Die belofte van die Ou Testament vervul

## 2. Die gevolg van die uitstorting van die Heilige Gees

### 1. Die belofte van die Ou Testament vervul

Hoe reageer Petrus op die vermoedens van die skare?

- Petrus het opgestaan en die verkeerde opvatting oor die wonder van die uitstorting van die Heilige Gees kragtig weerlê.
- Daar sit nogal iets in dat hy opgestaan het om dit te doen, want die rabbi's van daardie tyd het altyd gesit terwyl hulle hulle leerlinge of ander mense geleer het.

As iemand opgestaan het om iets te sê, het almal geweet dat daar nou iets baie belangriks gesê gaan word.

- In hierdie geval soveel te meer omdat al die ander apostels ook saam met Petrus opgestaan het toe hy begin praat het.
- In terme van ons tyd se gebruike sou ons sê dat hulle 'n gesamentlike verklaring uitgereik het.

Dan begin Petrus om sterk positief vir die mense te vertel wat daar gebeur het.

- Soos dit enige eerlike prediker betaam, begin hy by die Bybel self.
- Sy teks is Joël 2:28-32:

**28 En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. 29 En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet. 30 En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare. 31 Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom. 32 En elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die HERE gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat die HERE sal roep.**

- Petrus haal dié gedeelte ook woordeliks aan.
- Met die gedeelte as vertrekpunt toon hy nou vir die skare aan dat die Here op daardie dag die belofte vervul het wat Joël aangekondig het.

Kyk na die tydsaanduiding wat die profeet Joël gegee het, want dit is vir ons belangrik.

- Joël 2:1 kondig die betrokke dag aan as *die dag van die Here*.
- Die apostel Petrus verklaar nou dat die laaste dae aangebreek het soos wat die uitstorting van die Heilige Gees nou bewys het.
- Anders gestel: Die uitstorting van die Heilige Gees bewys die voortgang van God se openbaring.

Dis asof daar 'n verruiming kom in die mense oor wie die Heilige Gees uitgestort word.

- Dis nie meer net Israel nie.

- Dis nou alle mense – alle vlees.

In die boek Handeling word heelwat gehandel oor hoe die gawes van die Heilige Gees deur mense tot uiting gekom het. Hierdie toespraak van Petrus is al 'n duidelike bewys daarvan.

Nie net profete en priesters ontvang die Gees van die Here nie.

- Almal wat glo, ontvang die Heilige Gees.
- Daar volg 'n lysie wat dit duidelik maak dat seuns en dogters, jongelinge en ou mense almal betrek word by die werking van die Heilige Gees.
- Die apostel Petrus wys daarop dat die profeet Joël geprofeteer het dat die Here sy Gees ook oor slawe en slavinne sal uitstort, en dat hulle ook deur die werk van die Heilige Gees diensbaar gaan wees in die kerk.

Ons Afrikaanse vertaling praat baie netjies van diensknegte en diensmaagde, so asof daarmee die gewone gemeentelede bedoel word.

- Die Griekse Bybel stel dit eenvoudig met die woord *slawe*: manlike slawe en vroulike slawe.
- In ons taal: *bediendes*.

*Die punt wat die Bybel maak, is dat selfs sulke veragtes in die samelewing nou gelyklik gaan deel in die gawes van die Heilige Gees, en dat hulle ook daarin voluit in die kerk van die Here gebruik gaan word.*

By hierdie besondere werking van die Heilige Gees kom daar ook nog ander dinge.

- Die Here sê dat daar wonders gaan plaasvind bo in die hemel en onder op die aarde.
- Dieselfde uitsprake kom ook voor in die Here Jesus Christus se prediking aangaande sy wederkoms.

Die uitspraak sluit nie in die eerste plek aan by die uitstorting van die Heilige Gees oor al die mense nie.

- Dit sluit aan by Petrus se woorde in vers 17: **in die laaste dae**.
- In die laaste dae gaan die Here 'n paar dinge laat gebeur.
  - Die een is die uitstorting van die Heilige Gees.
  - Die ander dinge is tekens **bo in die hemel en onder op die aarde**.

Kom ons kyk eers na die woorde die **wonders bo in die hemel**.

- Dit is baie duidelik uit wat die Bybel self sê dat hiermee nie bedoel word dat daar wonders sal wees in die plek waar die Here woon – die hemel – nie:

**Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed...**

Die Here Jesus het dit ook al voorspel. Sy presiese woorde was:

**En dadelik na die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.** (Matteus 24:29 AFR1953).

Later openbaar die Here aan Johannes hoe dit eendag sal gebeur (Openbaring 6:12):

**En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed.** (Openbaring 6:12 AFR1953)

Die wonders wat in die hemele plaasvind, is dus almal wonders of kragte wat met die natuur te doen het.

- Maar terselfdertyd is dit sulke magtige gebeurtenisse dat jy nie sal twyfel oor wat jy sien nie.

Saam met die wonders in die hemelruim is daar ook tekens wat op die aarde gebeur.

- Op die aarde is die tekens bloed, vuur en rook.
- Bloed is natuurlik die teken van oorlog.
- Maar ook hier is daar 'n hoogtepunt, naamlik dat van bloed af verder gegaan word na vuur toe.

Die oordeel van die Here kom net soos sy genade.

- Vuur stem ooreen met die uitstorting van die Heilige Gees – dit het ook soos tonge van vuur gekom.
- Al die wonders wat die einde voorafgaan eindig dus in vuur, want die vuur teken die verbranding wat volg op die oorloë, en dit teken ook die vulkane wat uitbars en wat saamgaan met die aardbewings aan die einde van die tyd, soos dit beskryf word deur die woorde van die Here Jesus in Lukas 21:11:

**En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiëktes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom.** (Lukas 21:11 AFR1953)

## **2. Die gevolg van die uitstorting van die Heilige Gees**

In vers 21 verander Petrus se preek heeltemal.

- Hy preek meteens nie meer oor die tekens wat die wederkoms van die Here gaan begelei nie.
- Hy begin die skare leer wat die gevolge van die uitstorting van die Heilige Gees is.

**En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.**  
(Handelinge 2:21 AFR1953)

Dit wat Petrus hier sê, kom daarop neer dat die saligheid nou nie meer net beperk is tot die Jode as die enigste verbondsvolk nie.

- Die saligheid wat die Here gee, word nou gerig op elke individuele mens wat die Drie-Enige God as Here bely, en as sulks ook aanbid.

Let hier op na twee baie belangrike dinge:

- Die eerste is dat hierdie woorde van Petrus baie duidelik veronderstel dat jy sal bid wanneer jy die Naam van die Here noem.
  - Slegs die mense wat die Naam van die Here aanroep – dit is: biddend gebruik – sal gered word.
- Die tweede saak is dat u moet dink aan die troos vir al die mense wat daar bymekaar was.
  - Al was hulle Jode, was hulle uit baie verskillende volke.

Kan u dink hoeveel vrede daar in hulle gemoed gekom het toe hulle hoor dat Joodskap nie meer jou saligheid bepaal nie, maar wel jou aanroeping van die Naam van die Here!

Die Naam van die Here wys veral na die Here Jesus Christus, want Petrus begin onmiddellik na hierdie woorde om Jesus Christus te verkondig.

- Let op dat Petrus se toespraak dadelik aansluit by die opvattinge van die Jode wat daar gestaan het sodat hulle kon begryp wat dit was wat hulle gesien en gehoor het (v. 22).
- Hy vertel dan dat Jesus baie groot dade gedoen het – Hy het wonders en tekens gedoen. *Dis sy kredensiebrief.*

Ons werk vandag nog met kredensiebriewe.

- Wanneer die kerkraad iemand na 'n ander kerk of na 'n kerklike vergadering toe stuur, neem hy 'n kredensiebrief saam waarin die kerkraad skryf wie hy is en wat sy opdrag is.
- Dis presies wat vers 22 is.
  - Dit is 'n getuienis wat staaf dat Jesus God was, en
  - dat God deur Jesus Christus baie wonders en tekens onder die mense gedoen het.

Die Bybel gebruik baie sterk woorde as die dinge wat belangrik is om van die Here Jesus te weet aan die orde gestel word:

**Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is,...**

- God se raad het beskik dat Jesus as die Verlosser sou lewe en sterwe.
- Hierdie raadsbeluit van God is so vas dat Petrus nou vir die mense kan aantoon dat toe die dinge gebeur het, daar geen afwyking was van die raad van die Here nie.

*God se raad en voorkennis – met ander woorde dat Hy buitendien ook alles vooruit weet – beheers absoluut die wêreldgeskiedenis. Selfs die Here Jesus se kruisiging is deel daarvan.*

Dan preek Petrus al die dinge waarin ons almal reeds glo, en wat ons almal ook ken.

- Die Here Jesus het opgestaan uit die dood.
- Die Here openbaar dat Dawid al van Jesus gepraat het in Psalm 16 toe hy gesê het dat die Here altyddeur voor hom is.
- In die stuk wat aanhaal wat Dawid gesê het, blyk dit dat Dawid se hele lewenshoop ook op die Here Jesus gevestig was.
- Die Here openbaar dat sy profetiese woorde in dié psalm vooruitgewys het dat die Here Jesus sal sorg dat ons nie in die doderyk beland nie.

Mens sou baie kon redeneer of Dawid die dinge geweet het, maar dan moet ons ons hier heeltemal op die Bybel verlaat – die Here sê hy het geweet.

- Vers 30 leer dat hy geweet het dat wat die vlees betref, die Christus uit sy lendene (sy nasate) gebore wou word.

As ons al hierdie dinge op onself toepas, sal ons besef dat ons nie in hierdie deurmekaar en gespanne tye waarin ons lewe, vreesbevange hoef te lewe nie.

- Ons lewe eerstens in die krag en beskerming van Jesus Christus.
- Soos Dawid weet ons ook dat Hy ons nie aan die kragte van die duivel en uiteindelik aan die hel self sal oorgee nie.

Verder weet ons ook dat ons moet verwag dat daar in die tydvak waarin ons lewe baie dinge gaan wees wat die wederkoms van Jesus Christus voorspel.

- Dis nou dinge soos oorloë en allerhande natuurrampe.
- Die dinge gebeur al oraloor in die wêreld.

Die punt is net dat ons moet besef dat dit ons self ook gaan tref.

- Ons is deel van die mensdom wat die dinge gaan deurmaak.
- Ons moet dus nie dink dat ons soos toeskouers sal kan sit en kyk hoe dit ander mense tref nie.

Die belangrike punt is net dat as hierdie dinge gebeur, ons nie moet toelaat dat die duiwel ons geloof in vertwyfeling bring nie.

- Hy het die dag met die uitstorting van die Heilige Gees probeer om daardie mense te verwar en om 'n bespotting te maak van die manier waarop die Here sy beloftes vervul.
- Pasop, hy doen dit in ons tyd ook!
- Leef versigtig en leef voluit in die beloftes van die Here dat Hy weer kom as Oorwinnaar oor die dood om ons na Hom toe te neem in sy koninkryk van heerlijkheid.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 107:5 (p. 534)

5 Hul wat al lank gekwel was / in eindelose nag,  
in ysters vasgeknel was, / gevange en ontkrag,  
omdat hul, dwars van sin, / die HEER se raad verag het,  
wat diep die kerker in, / geen redding meer verwag het –

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 31 Oktober 2010